UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE
Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CCII.] PRICE 6d. PRETORIA, 9 DECEMBER / 9 DESEMBER 1960. PRYS 6d. [No. 6590.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 2008.] [9 Desember 1960.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRY, UNION OF SOUTH AFRICA.

MAIN AGREEMENT.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry, shall be binding from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending two years from the said first Monday, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of those organisations or those unions;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in Parts I (excluding sections 2, 24 and 29), II and III of the said Agreement, shall be binding from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending two years from the said first Monday, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice, engaged or employed in the said Industry in the Union of South Africa; and

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Union of South Africa and from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending two years from the said first Monday, the provisions contained in Parts I [excluding sections 2, 8 (3) (*e*) and (*h*), 24, 26, 28 and 29], II and III of the said Agreement, shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees, and upon those employers in respect of Natives in their employ.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 2008.] [9 December 1960.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METAALNYWERHEID, UNIE VAN SUID-AFRIKA.

HOOFOOREENKOMS.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metaalnywerheid betrekking het, vanaf die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat 2 jaar vanaf genoemde eerste Maandag eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasies of daardie vakverenigings is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings van Dele I (uitgesonderd artikels 2, 24 en 29), II en III van genoemde Ooreenkoms vanaf die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat 2 jaar vanaf genoemde eerste Maandag eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die Unie van Suid-Afrika; en

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings van Dele I [uitgesonderd artikels 2, 8 (3) (*e*) en (*h*), 24, 26, 28 en 29], II en III van die genoemde Ooreenkoms vanaf die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat 2 jaar vanaf genoemde eerste Maandag eindig, in die Unie van Suid-Afrika *mutatis mutandis* bindend is vir alle Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

SCHEDULE.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRY.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the—

Cape Engineers' and Founders' Association;
Constructional Engineering Association;
East London Engineers' and Founders' Employers' Association;
Edge Hand and Small Tool Manufacturers' Association;
Electrical Engineering and Allied Industries Association;
Engineers' and Founders' Association (Transvaal, Orange Free State and Northern Cape);
Gate and Fence Manufacturers' Association of the Transvaal;
Heavy Engineering Manufacturers' Association;
Lift Engineering Association of South Africa;
Light Engineering Industries Association of South Africa;
Materials Handling and Construction Plant Association of South Africa;
Natal Engineering Industries Association;
Non-Ferrous Metal Industries Association of South Africa;
Plastics Manufacturers' Association of South Africa;
Port Elizabeth Engineers' Association;
Precision Manufacturing Engineers' Association;
Sheetmetal Industries Association of S.A.;
S.A. Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association;
S.A. Electro Plating Industries Association;
S.A. Fasteners Manufacturers' Association;
S.A. Production Founders' Association;
S.A. Reinforced Concrete Engineers' Association;
S.A. Association of Shipbuilders and Repairers;
S.A. Tube Makers' Association;
S.A. Wire and Wire Rope Manufacturers' Association;
S.A. Wrought Non-Ferrous Metal Manufacturers' Association;
Transvaal and Orange Free State Foundry Association;

of the one part (hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisations"), and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa;
Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa;
Iron Moulders' Society of South Africa;
S.A. Boilermakers', Iron and Steel Workers' and Shipbuilders Society;
S.A. Electrical Workers' Association;
S.A. Engine Drivers' and Firemen's Association;
S.A. Yster en Staal Bedryfsvereniging;

of the other part (hereinafter referred to as "the employees" or "the trade unions"),

being parties to the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries.

PART I.

1. Scope of Application of Agreement.

(1) The terms of this Agreement shall be observed throughout the Union of South Africa by all employers and employees in the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries who are members of the employers' organisation and trade unions respectively, but shall not apply to—

(i) members of the Iron and Steel Producers' Association of South Africa and their subsidiaries in the Magisterial Districts of Benoni, Germiston, Pretoria, Vereeniging and Vanderbijlpark except for foundries operated by members of the said Association in the Magisterial Districts of Benoni, Germiston and Vereeniging, to which the provisions of Section 24 of Part I of the Agreement and Section (*a*)—Definitions—of Division D/7 (Foundry and Castings General and Manufacturing Division) shall apply;
(ii) installation, repair and servicing of radios and domestic electrical appliances and the manufacture of radios;
(iii) incandescent lamp manufacture;
(iv) welding electrode manufacture;
(v) the manufacture of aluminium sheet and/or foil and interrelated operations;
(vi) electrical cable manufacture;
(vii) lock and latch manufacture;
(viii) the installation and/or repair and/or maintenance of electrical lifts and escalators;
(ix) the production of iron and/or steel and/or ferro-alloys in the provinces of the Cape, Natal and Orange Free State;
(x) the installation, maintenance and repair of electrical equipment referred to in paragraph (*a*) of the definition of "electrical engineering industry" in Section 3 of Part I of the Agreement, in the Provinces of the Cape, Orange Free State and Natal;

BYLAE.

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METALLURGIESE NYWERHEID.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan tussen die—

Cape Engineers' and Founders' Association;
Constructional Engineering Association;
East London Engineers' and Founders' Employers' Association;
Edge Hand and Small Tool Manufacturers' Association;
Electrical Engineering and Allied Industries Association;
Engineer's and Founders' Association (Transvaal, Orange Free State and Northern Cape);
Gate and Fence Manufacturers' Association of the Transvaal;
Heavy Engineering Manufacturers' Association;
Lift Engineering Association of South Africa;
Light Engineering Industries Association of South Africa;
Materials Handling and Construction Plant Association of South Africa;
Natal Engineering Industries Association;
Non-Ferrous Metal Industries Association of South Africa;
Plastics Manufacturers' Association of South Africa;
Port Elizabeth Engineers' Association;
Sheetmetal Industries Association of S.A.;
Precision Manufacturing Engineers' Association;
S.A. Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association;
S.A. Electro Plating Industries Association;
S.A. Fasteners Manufacturers' Association;
S.A. Production Founders' Association;
S.A. Reinforced Concrete Engineers' Association;
S.A. Association of Shipbuilders and Repairers;
S.A. Tube Makers' Association;
S.A. Wire and Wire Rope Manufacturers' Association;
S.A. Wrought Non-Ferrous Metal Manufacturers' Association;
Transvaal and Orange Free State Foundry Association;

aan die een kant (hieronder die „werkgewers" of die „werkgewersorganisasies" genoem, en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa;
Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa;
Iron Moulders' Society of South Africa;
S.A. Boilermakers', Iron and Steel Workers' and Shipbuilders' Society;
S.A. Electrical Workers' Association;
S.A. Engine Drivers' and Firemen's Association;
S.A. Yster en Staal Bedryfsvereniging;

aan die ander kant (hieronder die „werknemers" of die „vakverenigings" genoem),

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid.

DEEL I.

1. Bestek van toepassing van Ooreenkoms.

(1) Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika nagekom word deur alle werkgewers en werknemers in die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerhede wat onderskeidelik lede van die werkgewersorganisasies en die vakverenigings is, maar is nie van toepassing nie op—

(i) lede van die Iron and Steel Producers' Association of South Africa en hul dogtermaatskappye in die landdrosdistrikte Benoni, Germiston, Pretoria, Vereeniging en Vanderbijlpark, behalwe wat betref gieterye gedryf deur lede van die genoemde vereniging in die landdrosdistrikte Benoni, Germiston en Vereeniging, op wie die bepalings van artikel 24 van Deel I van die Ooreenkoms en artikel (*a*)—Woordomskrywings—van Afdeling D/7 (Afdeling vir Smelt- en Gietwerk—Algemeen en Vervaardiging) van toepassing is;
(ii) die installering, herstel van en diens aan radio's en huishoudelike elektriese toestelle en die vervaardiging van radio's;
(iii) die vervaardiging van gloeilampe;
(iv) die vervaardiging van elektrodes deur sweising;
(v) die vervaardiging van aluminiumplaat en/of -foelie en bedrywighede wat in verband daarmee staan;
(vi) die vervaardiging van elektriese kabels;
(vii) die vervaardiging van slotte en knippe;
(viii) die installering en/of herstel en/of onderhoud van elektriese hysers en roltrappe;
(ix) die produksie van yster en/of staal en/of ferro-allooie in die provinsies die Kaap, Natal en die Oranje-Vrystaat;
(x) die installering, onderhoud en herstel van elektriese uitrusting genoem in paragraaf (*a*) van die woordomskrywing van „elektrotegniese ingenieursnywerheid" in artikel 3 van Deel I van die Ooreenkoms, in die provinsies die Kaap, die Oranje-Vrystaat en Natal;

(xi) the manufacture of motor vehicle parts and/or accessories and/or spares and/or components, other than castings, for so long as Government Notice No. 596 of the 24th April, 1959, or any extension thereof is binding under the Industrial Conciliation Act, 1956, and in which wages are prescribed for employees engaged in such manufacture as carried on in the motor industry; or during any period during which no agreement or award under the said Act prescribing wages for such employees engaged in such manufacture in the motor industry in the areas referred to in the said Government notice is binding under the said Act.

(2) Notwithstanding the provisions of sub-section (1) the terms of this Agreement shall apply to—

(*a*) apprentices only to the extent to which they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder; and

(*b*) trainees under the Training of Artisans Act, 1951, only in so far as they are not inconsistent with the provisions of that Act or any conditions fixed thereunder;

and notwithstanding the limitation of the Agreement to the operations therein scheduled, the provisions of sections 12, 13, 14 and 15 of Part I of the Agreement shall apply to all employees employed in operative processes receiving a rate of pay equivalent to that prescribed in this Agreement for a Rate 7 employee or paid at a rate not less than £55 (R.110), including cost of living allowance but excluding overtime, per month.

2. Period of Operation of Agreement.

The terms of this Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Labour, in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for a period of two years from that date or such period as may be determined by the Minister.

3. Definitions.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act, and any reference to an act shall include any amendments to such act; further, unless inconsistent with the context—

"abnormally dirty work" means work in connection with diesel engines from the cross-head down, used marine boilers, furnaces, combustion chambers, smoke boxes, in bilges and in fuel tanks, performed on board ship;

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended;

"apprentice" means an employee serving under a written contract of apprenticeship recognised by the Council or a contract of apprenticeship registered under the Apprenticeship Act, 1944;

"Council" means the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries;

"day shift" means, subject to the definition herein covering "two shift system" and "three shift system", any period of not more than 8½ hours ordinarily worked by an employee between the hours of 6 a.m. and 6 p.m., on Mondays to Fridays inclusive, or any period not exceeding five hours worked between the hours of 6 a.m. and 12 noon on Saturdays, provided that when an employer does not require his employees to work on more than five days in any week, it means any such period of not more than 9¼ hours between 6 a.m. and 6 p.m. on Mondays to Fridays inclusive;

"employee" means an employee whose minimum rate of pay is scheduled in this Agreement or an employee employed under exemption from this Agreement or under conditions determined by the Council, or an apprentice;

"establishment" means any premises wherein or whereon the industries, or part thereof, as herein defined, is carried on;

"hourly rate" means the rate per hour for the class of work scheduled in this Agreement or, whichever is the greater, the actual rate per hour the employee is receiving; provided that where a "rate per week" is specified, the hourly rate of the employee shall be his rate per week for his class of work scheduled in this Agreement or the actual weekly rate of the employee, whichever is the greater, divided by the number of ordinary hours worked in the establishment concerned;

"ordinary hourly rate" means the hourly rate for ordinary time;

"Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries" or "Industries" means the industries concerned with the production of iron, and/or steel and/or alloys and/or the processing and/or recovery and/or refining of metals (other than precious metals) and/or alloys from dross and/or scrap and/or residues; the maintenance, fabrication, erection or assembly, construction, alteration, replacement or repair of any machine, vehicle (other than a motor vehicle) or article consisting mainly of metal (other than precious metal) or parts or components thereof and structural metal work, including steel re-inforcement work; the manufacture of metal goods principally from such iron and/or steel and/or

(xi) die vervaardiging van motorvoertuigdele en/of toebehore en/of reserwedele en/of onderdele, uitgesonderd gietstukke, vir so lank as wat Goewermentskennisgewing No. 596 van 24 April 1959, of enige verlenging daarvan bindend is kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, en waarin lone voorgeskryf word vir werknemers in diens in die vervaardiging wat in die motornywerheid uitgevoer word; of gedurende enige tydperk waarin 'n ooreenkoms of arbitrasietoekenning ingevolge die genoemde Wet wat lone vir sulke werknemers voorskryf wat in diens is in sodanige vervaardiging in die motornywerheid in die gebiede genoem in die genoemde Goewermentskennisgewing, nie bindend is kragtens die genoemde Wet nie;

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) is die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing—

(*a*) vakleerlinge alleenlik in die mate waarin dit nie strydig met die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, is nie, en ook nie met enige kontrak daarkragtens aangegaan of voorwaardes daarkragtens vasgestel nie; en

(*b*) kwekelinge kragtens die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, vir so ver alleenlik as wat dit nie strydig met die bepalings van daardie Wet is nie en ook nie met enige voorwaardes daarkragtens vasgestel nie;

en ondanks die beperkings van die Ooreenkoms tot die werksaamhede daarin ingelys, is die bepalings van artikels 12, 13, 14 en 15 van Deel I van die Ooreenkoms van toepassing op alle werknemers in werkprosesse wat 'n loon ontvang wat gelykstaan met dié wat in die Ooreenkoms voorgeskryf word vir 'n Tarief 7-werknemer of besoldig teen 'n loon van minstens £55 (R110), met inbegrip van lewenskostetoelae, maar met uitsluiting van oortyd, per maand.

2. Geldigheidsduur van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat deur die Minister van Arbeid ingevolge artikel *agt-en-veertig* van die Wet vasgestel mag word, en bly twee jaar van krag vanaf daardie datum of vir sodanige tydperk as wat deur die Minister bepaal mag word.

3. Woordomskrywings.

Enige uitdrukkings in hierdie Ooreenkoms gebesig waarvan die betekenis in die Nywerheid-versoeningswet, 1937, omskryf is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en by 'n verwysing na 'n wet is ook enige wysiging van sodanige wet inbegrepe; verder, tensy dit in stryd is met die sinsverband, beteken—

„buitengewone vuil werk", werk wat in verband met dieselmasjiene van die suierjuk na ondertoe, gebruikte skeepsketels, vlamkaste, inwendige verbrandingskamer, rookkaste, skeepsholtes en in brandstoftenks verrig word;

„Wet", die Nywerheid-versoeningswet, 1937, soos gewysig;

„vakleerling", 'n werknemer in diens kragtens 'n skriftelike vakleerlingskapkontrak wat deur die Raad erken word of 'n vakleerlingskapkontrak geregistreer ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944;

„Raad", die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerhede;

„dagskof", behoudens die woordomskrywings hierin wat „tweeskoftestelsel" en „drieskoftestelsel" dek—enige tydperk van hoogstens 8½ uur gewoonlik deur 'n werknemer gewerk tussen die ure 6 vm. en 6 nm. van Maandae tot en met Vrydae of enige tydperk van hoogstens vyf uur gewerk tussen die ure 6 vm. en 12-uur middag op Saterdag; met dien verstande dat as 'n werkgewer nie van sy werknemers vereis om op meer as vyf dae gedurende enige week te werk nie, dit enige sodanige tydperk van hoogstens 9¼ uur tussen besoldiging in die loontabelle van hierdie Ooreenkoms 6 vm. en 6 nm. van Maandag tot en met Vrydag beteken;

„werknemer", 'n werknemer wie se minimum skaal van besoldiging in die loontabelle van hierdie Ooreenkoms verskyn, 'n werknemer wat ingevolge vrystelling van hierdie Ooreenkoms of op voorwaardes deur die Raad vasgestel in diens is, of 'n vakleerling;

„inrigting", enige perseel waarin of waarop die Nywerhede, of enige gedeelte daarvan, soos hierin omskryf, uitgeoefen word;

„uurskaal", die skaal per uur vir die klas werk in hierdie Ooreenkoms ingelys, of, na gelang van die grootste, die werklike skaal per uur wat die werknemer ontvang; met dien verstande dat waar „skaal per week" gespesifiseer word, die uurskaal van die werknemer sy skaal per week is vir sy klas werk in hierdie Ooreenkoms ingelys of die werklike skaal van die werknemer, na gelang van die grootste, gedeel deur die getal gewone ure in die betrokke inrigting gewerk;

„gewone uurskaal", die uurskaal vir gewone tyd;

„Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerhede," of „Nywerhede", die nywerhede wat te doen het met die vervaardiging van yster en/of staal en/of allooie en/of die verwerking en/of herwinning en/of raffinering van metale (uitgesonderd edelmetale) en/of allooie uit metaalskuim en/of afval en/of oorblyfsels; die onderhoud, fabrisering, oprigting of inmekaarsit, bou, verandering, vervanging of herstel van enige masjien, voertuig (uitgesonderd 'n motorvoertuig) of artikel hoofsaaklik van metaal (uitgesonderd edelmetale) of dele of bestanddele daarvan en metaalbouwerk, met inbegrip van staalversterkings; die vervaardiging van metaalgoedere, hoofsaaklik van sodanige yster en/of staal

other metals (other than precious metals) and/or alloys and/or the finishing of metal goods; the building and/or alteration and/or repair of boats and/or ships including the scraping, chipping and/or scaling and/or painting of the hulls of boats and/or ships and general woodwork undertaken in connection with ship repairs, and includes the Electrical Engineering Industry, Lift and Escalator Industry and Plastics Industry but does not include the Motor Industry;

" Electrical Engineering Industry " means—

(*a*) the manufacture and/or assembly from component parts of electrical equipment namely, generators, motors, converters, switch and control gear (including relays, contactors, electrical instruments and equipment associated therewith), electrical lighting, heating, cooking, refrigeration and cooling equipment, transformers, furnace equipment, signalling equipment, radio or electronic equipment and other equipment utilising the principles used in the operation of radio and electronic equipment, incandescent lamps and electric cables and domestic electrical appliances, and includes the manufacture of component parts of the aforementioned equipment;

(*b*) the installation, maintenance and repair of the equipment referred to in paragraph (*a*) above, but does not include the Electrical Contracting Industry;

" Electrical Contracting Industry " means the design, preparation (other than manufacture for sale) and erection of electrical installations forming an integral and permanent portion of buildings and the repair and/or maintenance of such installations, including any cable jointing and electrical wiring associated therewith;

" Lift and Escalator Industry " means the manufacture and/or assembly and/or installation and/or repair of electrical lifts and escalators;

" Plastics Industry " means the manufacture of articles or parts of articles wholly or mainly from plastics, but does not include the manufacture of the following articles made from plastic sheeting material, viz.—

Wearing apparel, bags and handbags, boots, shoes, overshoes, *upholstery* coverings and plastic venetian blinds;

" plastics " means any one of the group of materials which consists of or contains as an essential ingredient an organic substance of a large molecular weight and which while solid in the finished state, at some stage in its manufacture has been or can be forced, i.e. cast, calendered, extruded or moulded into various shapes by flow, usually through the application, singly or together, of heat and pressure;

" precious metals " means the precious metals, gold, silver, platinum and/or palladium and/or any alloy containing the said precious metals or any of these in such proportion with any other metals to be the greater part in value of such alloy;

" Motor Industry " means—

(*a*) assembling, erecting, testing, remanufacturing, repairing, adjusting, overhauling, wiring, opholstering, spraying, painting and/or reconditioning carried on in connection with—

(i) chassis and/or the bodies of motor vehicles;
(ii) internal combustion engines and transmission components of motor vehicles;
(iii) the electrical equipment connected with motor vehicles, including radios;

(*b*) automotive engineering;
(*c*) repairing, vulcanising and/or retreading tyres;
(*d*) repairing, servicing and reconditioning batteries for motor vehicles;
(*e*) the business of parking and/or storing motor vehicles;
(*f*) the business conducted by filling and/or service stations;
(*g*) the business carried on mainly or exclusively for the sale of motor vehicles or motor vehicle parts and/or spares and/or accessories (whether new or used) pertaining thereto whether or not such sale is conducted from premises which are attached to a portion of an establishment wherein is conducted the assembly of or repairs to motor vehicles;
(*h*) the business of motor graveyards;
(*i*) the business of assembly establishments;
(*j*) the business of manufacturing establishments wherein are fabricated motor vehicle parts and/or spares and/or accessories and/or components thereof;
(*k*) vehicle body building;

for the purpose of this definition—

" automotive engineering " means the reconditioning of internal combustion engines or parts thereof for use in motor vehicles in establishments mainly or exclusively so engaged whether such establishment is engaged in the dismantling and repair of motor vehicles or not;

" motor vehicle " means any wheeled conveyance propelled by electrical or mechanical power (other than steam) and designed for haulage and/or for the transportation of persons and/or goods and/or loads, including trailers and caravans, but shall not include any equipment designed to run on fixed tracks, trailers designed to transport loads of 20 tons or cover or aircraft;

en/of ander metale (uitgesonderd edelmetale) en/of allooie en/of die afwerking van metaalgoedere; die bou en/of verandering en/of herstel van bote en/of skepe, met inbegrip van die afskraap, afkap en/of afskaal en/of verf van die rompe van bote en/of skepe en algemene houtwerk wat in verband met skeepsherstelwerk onderneem word, en dit omvat die elektrotegniese ingenieursnywerheid, hyser- en roltrapnywerheid en die plastieknywerheid, maar nie die motornywerheid nie;

„ elektrotegniese ingenieursnywerheid "—

(*a*) die vervaardiging en/of inmekaarsit van elektriese uitrusting, nl. dinamo's, motore, konvertors, skakelaar- en kontrole-uitrusting uit onderdele (met inbegrip van relais, kontaktors, elektriese instrumente en uitrusting wat daarmee in verband staan), elektriese beligtings-, verhittings-, kook-, bevriesings- en verkoelingsuitrusting, transformators, oonduitrusting, seinuitrusting, radio- of elektroniese uitrusting en ander uitrusting wat die beginsels wat gebruik word in die bediening van radio- en elektroniese uitrusting aanwend, gloeilampe en elektriese kabels en huishoudelike elektriese toestelle, en omvat die vervaardiging van onderdele van bogenoemde uitrusting;

(*b*) die installering, onderhoud en herstel van die uitrusting in paragraaf (*a*) hierbo genoem, maar sluit nie die elektrotegniese kontraknywerheid in nie.

„ elektrotegniese kontraknywerheid ", die ontwerp, voorbereiding (uitgesonderd die vervaardiging vir verkoop) en oprigting van elektriese installasies wat 'n integrerende en permanente deel van geboue uitmaak, en die herstel en/of onderhoud van hierdie installasies, met inbegrip van kabellaswerk en elektriese bedrading wat daarmee in verband staan;

„ hyser- en roltrapnywerheid ", die vervaardiging en/of inmekaarsit en/of installering en/of herstel van elektriese hysers en roltrappe;

„ plastieknywerheid ", die vervaardiging van artikels of gedeeltes van artikels heeltemal of hoofsaaklik van plastiek, maar omvat nie die volgende artikels wat van plastiese materiaal gemaak word nie, nl. klerasie, sakke en handsakke, stewels, skoene, oorskoene, stoffeermateriaal en plastiese hortjiesblindings;

„ plastika ", enigeen van die groep stowwe wat, as 'n essensiële bestanddeel, 'n organiese stof van 'n groot molekulêre gewig bevat of daaruit bestaan, en wat in die een of ander stadium in die vervaardiging daarvan geforseer is of kan word deur te vloei, d.i. gegiet, gekalandeer, uitgestoot of gevorm kan word in verskillende vorms, gewoonlik deur die aanwending van slegs hitte en slegs drukking of albei tesame, terwyl dit in die afgewerkte staat solied is;

„ edelmetale ", die edelmetale goud, silwer, platina en/of palladium en/of enige allooi wat genoemde edelmetale of enige daarvan in sodanige verhouding tot enige ander metale bevat om die grootste deel in die waarde van daardie allooi te wees;

„ motornywerheid "—

(*a*) inmekaarsit, oprigting, toets, hervervaardiging, herstel, verstel, nasien, bedrading, stoffering, bespuiting, verf en/of vernuwing uitgevoer in verband met—

(i) die onderstel en/of die bakke van motorvoertuie;
(ii) binnebrandmasjiene en transmissie-onderdele van motorvoertuie;
(iii) die elektriese uitrusting in verband met motorvoertuie, met inbegrip van radio's;

(*b*) motoringenieurswerk;
(*c*) herstel, vulkanisering en/of versoling van buitebande;
(*d*) herstel, bediening en vernuwing van batterye vir motorvoertuie;
(*e*) die besigheid van motorvoertuie parkeer en/of opberg;
(*f*) die besigheid gedryf deur vul- en/of diensstasies;
(*g*) die besigheid hoofsaaklik of uitsluitlik gedryf vir die verkoop van motorvoertuie of motorvoertuigonderdele en/of reserwedele en/of toebehore (hetsy nuut of gebruik) wat daarby hoort, ongeag of dié verkoop bestuur word van persele af wat verbonde is aan 'n gedeelte van 'n inrigting waarin die inmekaarsit van of herstelwerk aan motorvoertuie uitgevoer word, of nie;
(*h*) die besigheid van motorsloopplekke;
(*i*) die besigheid van monteerinrigtings;
(*j*) die besigheid van vervaardigingsinrigtings waarin motorvoertuigonderdele en/of reserwedele en/of toebehore en/of onderdele daarvan vervaardig word;
(*k*) die bou van motorvoertuie.

Vir die toepassing van hierdie woordomskrywing, beteken—

„ motoringenieurswerk ", die vernuwing van binnebrandmasjiene of onderdele daarvan vir gebruik in motorvoertuie in inrigtings hoofsaaklik of uitsluitlik aldus werksaam, ongeag of dié inrigting hom besig hou met die uitmekaarhaal van en herstelwerk aan motorvoertuie, of nie;

„ motorvoertuig ", enige voertuig op wiele met meganiese krag (uitgesonderd stoom) of elektrisiteit gedryf en bedoel vir trekdoeleindes of die vervoer van persone en/of goedere en/of vragte en dit omvat sleepwaens en karavane maar omvat nie uitrusting wat bedoel is om op vaste spore te loop nie, ook nie sleepwaens bedoel om vragte van oor 20 ton te sleep nie; ook nie vliegtuie nie;

" vehicle body building " means any or all of the following activities carried on in a vehicle body building establishment:—

(*a*) The construction, repair or renovation of cabs and/or bodies and/or any superstructure, for any type of vehicle;

(*b*) the manufacture or repair of component parts for cabs and/or bodies and/or any superstructure and the assembling, adjusting and installation of parts in cabs, bodies or on the superstructure of vehicles;

(*c*) fixing cabs and/or bodies and/or any superstructure to the chassis of any type of vehicle;

(*d*) coating and/or decorating cabs and/or bodies and/or any superstructure with any preservative or decorative substance;

(*e*) equipping, furnishing and finishing off the interior of cabs and/or bodies and/or superstructures;

(*f*) building of trailers, but not including the manufacture of wheels or axles therefor;

(*g*) all operations incidental to or consequent upon the activities referred to in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*e*) and (*f*).

For the purpose of this definition " vehicle " does not include an aircraft, and " Motor Industry " as defined above shall not include the following:—

(i) The manufacture of motor vehicle parts and/or accessories and/or spares and/or components in establishments laid out for and normally producing metal and/or plastic goods of a different character on a substantial scale;

(ii) the assembling, erecting, testing, repairing, adjusting, overhauling, wiring, spraying, painting and/or reconditioning of agricultural tractors except where carried on in establishments rendering similar service in respect of motor cars, motor lorries or motor trucks;

(iii) the manufacture and/or maintenance and/or repair of—

(*a*) civil and mechanical engineering equipment and/or parts thereof whether or not mounted on wheels;

(*b*) agricultural equipment or parts thereof; or

(*c*) equipment designed for use in factories and/or workshops;

provided that for the purposes of (*a*), (*b*) and (*c*) above, " equipment " shall not be taken to mean motor cars, motor lorries and/or motor trucks;

(*d*) motor vehicle or other vehicle bodies and/or superstructure and/or parts of components thereof made of steel plate of one-eighth of an inch thickness or thicker when carried on in establishments laid out for and normally engaged in the manufacture and/or maintenance and/or repair of civil and/or mechanical engineering equipment on a substantial scale;

" machine " means any appliance, irrespective of the material of which it is made, but does not include an agricultural tractor;

" metal goods " does not include agricultural tractors;

" military training " means continuous training which an employee is required to undergo in terms of section *twenty-one* (1), read with sub-sections (1) and (2) of section *twenty-two*, of the Defence Act, 1957, but does not include any training he may elect to undergo in terms of section *twenty-three* of the said Act, nor any other training or service for which he volunteers or which he elects to undergo;

" jig or fixture or stop " means a device which definitely locates the work with respect to a tool and/or a tool to the work and/or the relative position of parts while being joined together, so as to produce articles that are interchangeable within certain tolerance;

" journeyman " means an employee who has completed a contract of apprenticeship under the Apprenticeship Act or a contract of apprenticeship recognised by the Council in any one of the classes of work specified under Rate 1 in Schedule A of Part III of this Agreement, or an employee who is over 21 years of age in possession of a certificate recognised or issued by the Council enabling him to be employed as a journeyman;

" juvenile " means an employee between the age of 16 and 19 years employed on any of the classes of work specified in clause (*c*) of Schedule A of Part III of this Agreement;

" n.e.s." means not elsewhere specified;

" night shift " means, subject to the definition herein covering " two shift system " and " three shift system ", any period of not more than 9¼ hours ordinarily worked by an employee between the hours of 6 p.m. and 6 a.m., from starting time on Monday until starting time on Saturday, except in marine work where any three or more nights worked consecutively may constitute night shift work;

" probationer " means a person who has had no previous experience in any of the classes of work specified in clause (*b*) of Schedule A of Part III of this Agreement, or a person who has been previously employed as a probationer but who has not completed the period of service stipulated for probationers in terms of this Agreement;

„ voertuigbakbou ", enigeen of almal van ondergenoemde werksaamhede wat in 'n inrigting vir die bou van voertuigbakke uitgevoer word:—

(*a*) Die bou, herstel of vernuwing van kappe en/of bakke en/of enige tipe bobou vir enige soort vliegtuig;

(*b*) die vervaardiging of herstel van onderdele vir kappe en/of bakke en/of enige bobou en die inmekaarsit, verstel en installering van onderdele in kappe, bakke of op die bobou van voertuie;

(*c*) kappe en/of bakke en/of enige soort bobou aan die onderstel van enige tipe voertuig monteer;

(*d*) kappe en/of bakke en/of enige soort bobou met enige soort beskermingsmiddel dek of versier;

(*e*) die binnewerk van kappe en/of bakke en/of bobou uitrus, toerus en afwerk;

(*f*) sleepwaens bou, maar met uitsluiting van die vervaardiging van wiele of aste daarvan;

(*g*) alle werksaamhede wat hoort by of wat voortvloei uit die werksaamhede genoem in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*), (*d*), (*e*) en (*f*).

Vir die toepassing van hierdie woordomskrywing omvat „ voertuig " nie 'n vliegtuig nie, en „ motornywerheid ", soos omskryf, mag nie die onderstaande omvat nie:—

(i) Die vervaardiging van motorvoertuigonderdele en/of toebehore en/of reserwedele en/of onderdele in inrigtings wat beplan is vir en wat gewoonlik metaal en/of plastiese goedere van 'n ander aard op aansienlike skaal produseer;

(ii) die inmekaarsit, oprigting, toets, herstel, verstelling, nasien, bedrading, bespuiting, verf en/of vernuwing van landboutrekkers uitgesonderd as dit gedoen word in inrigtings wat dergelike dienste lewer ten opsigte van motorkarre, motorvragwaens of motortrokke;

(iii) die vervaardiging en/of onderhoud en/of herstel van—

(*a*) siviele en werktuigkundige ingenieursuitrusting en/of onderdele daarvan ongeag of dit op wiele gemonteer is of nie;

(*b*) landbou-uitrusting of onderdele daarvan; of

(*c*) uitrusting bedoel vir gebruik in fabrieke en/of werkswinkels;

met dien verstande dat dit vir die toepassing van (*a*), (*b*) en (*c*) hierbo, dit nie beskou mag word dat „ uitrusting " motorkarre, motorvragwaens en/of motortrokke beteken nie;

(*d*) motorvoertuig- of ander voertuigbakke en/of bobou en/of onderdele of dele daarvan gemaak van plaatstaal van een-agtste van 'n duim dik of dikker wanneer uitgevoer in inrigtings wat beplan is vir en wat hulself gewoonlik besighou met die vervaardiging en/of onderhoud en/of herstel van siviele en/of werktuigkundige ingenieursuitrusting op 'n aansienlike skaal;

„ masjien ", enige toestel ongeag die materiaal waarvan dit gemaak is;

„ militêre opleiding ", ononderbroke opleiding wat 'n werknemer verplig is om te ondergaan kragtens artikel *een-en-twintig* (1), gelees met subartikels (1) en (2) van artikel *twee-en-twintig* van die Verdedigingswet, 1957, maar sluit nie opleiding in nie wat hy mag verkies om te ondergaan kragtens artikel *drie-en-twintig* van die genoemde Wet of enige ander opleiding of diens wat hy vrywillig ondergaan of wat hy verkies om te ondergaan;

„ metaalgoedere " omvat nie landboutrekkers nie;

„ stelplaat of skoorstuk ", 'n toestel wat die stand van die werk met betrekking tot die gereedskap en/of die gereedskap tot die werk en/of die betreklike stande van onderdele terwyl hulle verbind word, suiwer stel ten einde artikels te vervaardig wat binne sekere toleransies omruilbaar is;

„ vakman ", 'n werknemer wat 'n vakleerlingskapkontrak ingevolge die Wet op Vakleerlinge, of 'n vakleerlingskapkontrak wat deur die Raad erken word en enige van die klasse werk soos in Tarief 1 in Lys A van Deel III van hierdie Ooreenkoms genoem, gedien het, of 'n werknemer oor 21 jaar en wat die houer is van 'n sertifikaat wat deur die Raad erken is en hom in staat stel om as vakman in diens te wees;

„ jeugdige ", 'n werknemer tussen 16 en 19 jaar oud wat enigeen van die soorte werk in klousule (*c*) van Bylae B van Deel III van hierdie Ooreenkoms genoem, verrig;

„ n.e.v.", nie elders vermeld nie;

„ nagskof ", behoudens die woordomskrywings hierin wat „ tweeskofte-stelsels " en „ drieskofte-stelsels " dek, enige tydperk van hoogstens 9¼ uur wat gewoonlik tussen die ure 6 nm. en 6 vm. van die begintyd Maandag tot die begintyd Saterdag deur 'n werknemer gewerk word, behalwe in skeepswerk waar enige drie of meer nagte ononderbroke gewerk, nagskofwerk mag uitmaak;

„ proefwerker ", 'n persoon wat geen vorige ondervinding in enigeen van die soorte werk genoem in klousule (*b*) van Lys B van Deel III van hierdie Ooreenkoms het nie, of 'n persoon wat voorheen as proefwerker in diens was, maar wat nie die dienstyd voltooi het wat in hierdie Ooreenkoms vir proefwerkers vasgestel is nie;

"pupil engineer and/or approved student" means a person who is in possession of educational qualifications recognised by the Council and obtained through an educational institution likewise recognised by the Council, but shall not include a person undergoing prescribed vacational training in the course of his studies;

"Region A" means the Magisterial Districts of Beaufort West, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, the Cape, Carnarvon, Clanwilliam, Ceres, Fraserburg, George, Heidelberg (Cape), Hopefield, Knysna, Ladismith (Cape), Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Mossel Bay, Namaqualand, Paarl, Piquetberg, Prince Albert, Riversdale, Robertson, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Victoria West, Wellington, Williston, Worcester and Wynberg, and for the purposes of these particular areas the address of the Council shall be the "National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries (Cape Regional Council)", P.O. Box 4012, Cape Town;

"Region B" means the Magisterial Districts of Albert, Aliwal North, Barkly East, Butterworth, Cathcart, St. Marks (Cofimvaba), East London, Elliot, Elliotdale, Engcobo, Fort Beaufort, Glen Grey (Lady Frere), Herschel, Idutywa, Indwe, Kentani, Keiskammahoek, King William's Town, Komgha, Lady Grey, Libode, Maclear, Middledrift, Molteno, Mqanduli, Mount Fletcher, Mount Frere, Ngqeleni, Nqamakwe, Port St. Johns, Peddie, Queenstown, Qumbu, Sterkstroom, Stockenstroom, Stutterheim, Tarka, Tsomo, Tsolo, Umtata, Victoria East, Willowvale, Wodehouse and Xalanga (Cala), and for the purposes of these particular areas, the address of the Council shall be the "National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries (Border Regional Council)", P.O. Box 27, East London;

"Region C" means the Province of Natal including the Magisterial Districts of Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu and Umzimkulu, and for the purposes of these particular areas the address of the Council shall be the "National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries (Natal Regional Council)", P.O. Box 2778, Durban.

"Region D" means the Magisterial Districts of Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Colesberg, Cradock, Graaff-Reinet, Hanover, Humansdorp, Jansenville, Kirkwood, Maraisburg, Middelburg (Cape), Murraysburg, Oudtshoorn, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (Cape), Somerset East, Steytlerville, Steynsburg, Uniondale, Uitenhage, Venterstad and Willowmore, and for the purposes of these particular areas the address of the Council shall be the "National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries (Midland Regional Council)", P.O. Box 3051, Port Elizabeth.

"Region E" means the Province of the Transvaal, the Province of the Orange Free State, and the Magisterial Districts of Barkly West, Britstown, De Aar, Gordonia, Herbert, Hay, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Taung, Vryburg and Warrenton and for the purposes of these particular areas the address of the Council shall be the "National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries (Transvaal Regional Council)", P.O. Box 3998, Johannesburg.

"repetition work" means work performed by an employee constantly engaged on one or more repetitive processes;

"templet" means a device for indicating the position of holes and/or attachments on the work and/or the form and/or contour of the work;

"two shift and/or three shift system" means the method of operation in establishments working two or three shifts in any period of 24 hours for not less than three months in a single period;

"watchman's work" means guarding and/or patrolling property and/or premises.

4. HOURS OF WORK.

(1) (*a*) The ordinary hours of work shall not exceed 45 in any one week for—

(i) employees on day shift and/or night shift;

(ii) employees working on the two and/or three shift systems.

(*b*) The ordinary hours per shift shall not exceed those specified in the relevant definitions of "day shift" and/or "night shift" in section 3 of the Agreement.

(2) An employer may, to facilitate the keeping of a record of the starting and stopping time and hours of work of his employees require them to clock in and out of work, and may, before paying to any employee any wages and/or remuneration for any period not recorded by the clock, require that employee to show satisfactory proof of having been at work; provided that an employee shall be paid in terms of this Agreement for all time recorded by the clock which falls within the starting and stopping time of the shift for that day of the week as notified by the employer to his employees in terms of sub-section (8) of this section and for all time which he is required by the employer to work which does not fall within such starting and stopping times.

(3) An employee engaged on incentive bonus work shall be allowed a rest period of ten minutes at as near as possible to the middle of the morning and afternoon work periods, such rest periods to be reckoned as working time and paid for at the hourly rate for that class of work scheduled in this Agreement.

„leerling-ingenieur en/of goedgekeurde student", 'n persoon wat in besit is van onderwyskwalifikasies wat deur die Raad erken word en behaal is aan 'n onderwysinrigting wat eweneens deur die Raad erken word, maar nie 'n persoon wat in die loop van sy studies die voorgeskrewe vakkundige opleiding ondergaan nie;

„gebied A", die landdrosdistrikte Beaufort-Wes, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, die Kaap, Carnarvon, Clanwilliam, Ceres, Fraserburg, George, Heidelberg (Kaap), Hopefield, Knysna, Ladismith (Kaap), Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Mosselbaai, Namakwaland, Paarl, Piketberg, Prins Albert, Riversdal, Robertson, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Victoria-Wes, Wellington, Williston, Worcester en Wynberg, en vir die doeleindes van hierdie besondere gebiede is die Raad se adres: Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid (Kaapse Streekraad), Posbus 4012, Kaapstad;

„gebied B", die landdrosdistrikte Albert, Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Butterworth, Cathcart, St. Marks (Comfimvaba), Oos-Londen, Elliot, Elliotdale, Engcobo, Fort Beaufort, Glen Grey (Lady Frere), Herschel, Idutywa, Indwe, Kentani, Keiskammahoek, King William's Town, Komgha, Lady Grey, Libode, Maclear, Middledrift, Molteno, Mqanduli, Mount Fletcher, Mount Frere, Ngqeleni, Nqamakwe, Port St. Johns, Peddie, Queenstown, Qumbu, Sterkstroom, Stockenstroom, Stutterheim, Tarka, Tsomo, Tsolo, Umtata, Victoria-Oos, Willowvale, Wodehouse en Xalanga (Cala) en vir die doeleindes van hierdie besondere gebiede, is die Raad se adres: Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid (Grensstreekraad), Posbus 27, Oos-Londen;

„gebied C", die Provinsie Natal met inbegrip van die landdrosdistrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Tabankulu en Umzimkulu en vir die doeleindes van hierdie besondere gebiede is die Raad se adres: Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid (Natalse Streekraad), Posbus 2778, Durban;

„gebied D", die landdrosdistrikte Aberdeen, Adelaide, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Calitzdorp, Colesberg, Cradock, Graaff-Reinet, Hanover, Humansdorp, Jansenville, Kirkwood, Maraisburg, Middelburg (Kaap), Murraysburg, Oudtshoorn, Pearston, Port Elizabeth, Richmond (Kaap), Somerset-Oos, Steytlerville, Steynsburg, Uniondale, Uitenhage, Venterstad en Willowmore en vir die doeleindes van hierdie besondere gebiede is die Raad se adres: Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid (Middellandse Streekraad), Posbus 3051, Port Elizabeth;

„gebied E", die Provinsie Transvaal, die Provinsie die Oranje-Vrystaat en die landdrosdistrikte Barkly-Wes, Britstown, De Aar, Gordonia, Herbert, Hay, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Mafeking, Philipstown, Postmasburg, Prieska, Taung, Vryburg en Warrenton en vir die doeleindes van hierdie besondere gebiede is die Raad se adres: Die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid (Transvaalse Streekraad), Posbus 3998, Johannesburg;

